6 November 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot daad

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom aan ds Sunell Ribbens wat vandag preek en deelneem aan Hoogland se onderskeidende proses.

Die proses om 'n tweede leraar na Hoogland te beroep, is 'n proses van gebed en Geestelike onderskeiding. Vandag neem ds Sunell, as een van twee aansoekers, verder aan die proses deel deur 'n preekbeurt en onderhoud.

Die hele Hoogland-familie is saam in hierdie proses, en vra daarom u voorbidding. Vul gerus ook die blaadjie op die banke in om ook jou mening as deel van die onderskeidende proses te gee (daar is ook 'n aanlyn-weergawe).



Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Sunell Ribbens

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale
17:00 Buffelsfonteindiens

Deurkollekte : Sin. Vrouebediening

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Program vir die week

Maandag: 7 November
19:00 Kerkraadsvergadering

Woensdag: 9 November
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 10 November
Personeel woon die GLS Leierskap seminaar by. Vrywilliger in die kantoor aan diens.

Vrydag: 11 November
05:30 Mannebediening in die GROT

Saterdag: 12 November
10:00 Dorings & Daisies Kersete

" SAVE THIS DATE "

Hoogland Kerssangdienste

Sondag, 20 November
09:00 & 18:30
Bring gerus u vriende & familie saam!

HET JY GEWEET?

Pankreaskanker is die kanker met die laagste oorlewingsyfer. Die rede? Dit word heeltemal te laat opgespoor. Die donker pers strikkie wat Ds Pieter gedurende November maand sal dra is ter bewusmaking van Pankreas kanker.

Baie seën aan al die Matrieks vir die komende week se vraestelle! Lekker leer! Hoogland bid getrou saam! Sterkte ook aan al die jongmense en studente wat tans besig is met hierdie jaar se finale eksamens!

Familiediens & GVG Afsluiting:

Kom word deel van Hoogland se Kersverhaal!

Alle GVG gesinne word uitgenooi na die

Familiediens & GVG Afsluiting

Sondag, 13 November.

Kom maak julle eie kersversierings saam met jou kind se mentor!

(Bring asseblief 'n skêr(e) en pritt (selfs 2 of 3) saam!)

Geloof deur liefde tot dade : Seisoene van Gee

2022 stap vinnig einde se kant toe en oudergewoonte maak Hoogland weer geskenkies bymekaar. Leef jou geloof deur liefde tot dade op een van die volgende maniere:

- Geskenkies vir Senior Lidmate - iets ter waarde van R40-R50 (toiletware/pakkie koekies/lekkers/droeë vrugte/mooi koffiebeker)
- Eluthandweni kospakkies - Enige nie-bederfbare blikkies kos/ toiletware/koekies/koeldrank/ ens. is baie welkom.

Geskenkies kan by Gemeentedienste gelos word Sondae, of by die kerkkantoor afgegee word gedurende die week!

MTR Smit

MTR Smit hou hulle jaarlikse kerspartytjie op 19 November.

Gesels gerus met Madelaine vir meer inligting as julle saam wil gaan kerspartytjie hou.

Vir spyseniers - getalle moet jy asseblief voor 15 November RSVP by Madelaine - 078 541 3483

Uit die Hart...



Dié skildery: New York City I, het groot opskudding die afgelope week veroorsaak. Ná 77 jaar het dit aan die lig gekom dat hierdie skildery onderstebo gehang het. Dit is in 1941 geskep en was regoor die wêreld in prominente galerye uitgestal sedert 1945.

Dit blyk egter dat hierdie skildery alreeds in 1945 onderstebo gehang was tydens 'n uitstalling by MoMA.

Watter kant sou jy bo (of onder?) gehang het?

Dadelik dink ek ook aan hoe Jesus 'n klomp goed onderstebo kom keer het toe Hy op aarde geleef het. Behalwe dat Hy letterlik die tafels in die tempel omgekeer het (en so lig laat skyn het!), het Hy ook ander goed onderstebo gemaak: *"Julle het gehoor dat daar gesê is: '`n Oog vir `n oog en `n tand vir `n tand.' Maar Ek sê vir julle: … draai ook die ander wang… gee hom ook jou boklere…dra dit vir hom twee kilometer… Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg." (Matt. 5:38-43).*

Dink ook maar aan die geboorte van Jesus: die sterrekykers soek die koning wat gebore is by die paleis, maar Jesus is te vinde in 'n stal; die verwagte Messias gaan sterk wees en wêreldorde omkeer, wel: omgekeer definitief maar op 'n heel ander 'onderstebo' manier. En dan vat Jesus ook nog 'n skottel en was sy dissipels se voete…

Ek wonder: wat kan jy in jou gewone, elke dag se roetine, 'onderstebo' doen en so lig in jou leefwêreld wees?

Ds Pieter